FINWEEK (Afrikaans)
04 Jun 2009
Page : 8 #

Kaalvuis

COLLEEN NAUDÉ
colleenn@finweek.co.za

SOMMIGE reaksie op die nuus dat Suid-Afrika ook in die wêreldwye resessie vasgeval het, was skokkender as die syfers self. Die uitlating deur Lesetja Kganyago, direkteur-generaal in die tesourie, dat ons "gelukkig nie alleen hierin is nie", getuig óf van verstommende onkunde oor die ekonomie óf ten beste van 'n klaaglike onvermoë om op sy voete te dink en sinvolle kommentaar te lewer.

Dat die SA ekonomie onlosmaaklik met die wêreldekonomie verweef is, het onteenseglik geblyk uit onder meer die 32,8%-afname in mynbou, 'n gevolg van die wêreldwye insinking van hulpbronpryse op die rug van die wêreldwye afname in die vraag daarna weens die inkorting van besteding aan 'n wye front. Ons is tot groot hoogte ook uitgelewer aan die gevolglike uiterste wisselvalligheid van die uitvoer van hulpbronne. Ons is in die penarie, juis omdat ons nie alleen is nie...

Wat geklink het na 'n uiters ligsinnige opmerking dat niemand by die tesourie selfmoordneigings getoon het ná die bekendmaking van die BBP-syfers nie, het ook nie gehelp om vertroue in te boesem in die bydrae wat die mees senior amptenaar in die tesourie tot die debat oor 'n resessionêre omgewing en die gepaardgaande uitdagings in SA kan lewer nie.

Net voor die bevestiging dat die land in die eerste kwartaal reeds 'n resessie beleef het, het die minister van arbeid, Membathisi Mdladlana, weer eens teen arbeidsmakelaars te velde getrek. Reeds in Maart het Elias Monage, president van die konfederasie van assosiasies in die private-indiensnemingsektor (CAPES) sy kommer daaroor uitgespreek dat die minister arbeidsmakelary aan mensehandel gelyk stel. Hy het toe daarop gewys dat miljoene mense afhanklik is van die salarisse en lone van sowat 500 000 tydelike werkers, en dat dié tydelike werkers van kritieke belang is vir nywerhede met 'n sikliese aard ter waarde van R28 miljard.

Richard Pike, uitvoerende hoof van die personeelplasingsgroep Adcorp, het in reaksie op die minister se jongste tirade beweer 'n verbod op arbeidsmakelaars kan veroorsaak dat 'n miljoen mense sonder werk sit. Pike het aan *Sake24* gesê in Namibië het so 'n verbod meegebring dat 30% van kontrakwerkers hul werk verloor het.

Die onvermoë van die minister om die noodsaak in te sien van gereguleerde arbeidsmakelaars om te help voorsien in die behoefte wat ontstaan weens die sikliese aard van heelparty nywerhede, die boubedryf by uitstek, is allermins gerusstellend.

Dié houding pas in by eise van sogenaamde ordentlike werk – wat dit ook al beteken – die klem op minimum lone en vakverbonde wat hul lede te midde van die grootste ekonomiese krisis in 17 jaar tot onrealistiese loonverhogings aanhits.

Nou, meer as ooit, het die land leiers nodig wat ewewigtige leiding gegrond op ekonomiese realiteite kan gee. Oproepe deur Cosatu dat proteksionistiese maatreëls ingestel word, moet aan die kaak gestel word deur op die kortsigtigheid daarvan en die langtermyn- negatiewe gevolge vir die ekonomie te wys.

Dit sal interessant wees om te sien in watter mate die Zuma-regering hom aan sulke populistiese oproepe gaan steur. Mens wil die nuwe bedeling graag die voordeel van die twyfel gee, maar met die onlangse aanstelling van twee raadgewers het ons nuwe president geen vertroue ingeboesem nie. Trouens, dis uiters kommerwekkend dat hy kan dink dat twee van die vrotste ministers uit die Mbeki-era, Charles Nqakula, eertydse minister van veiligheid en sekuriteit, en Mandisi Mpahlwa, wat so 'n hopelose mislukking by handel en nywerheid was, as onderskeidelik politieke en ekonomiese raadgewer enigsins tot 'n gesonde debat kan bydra.

Vir 'n land wat op albei dié gebiede voor enorme uitdagings staan, is dié gebrek aan oordeel van die nuwe leier besonder onrusbarend. ¤